85A/94



Saaknommer: 305/93

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

CHRISTINA JOHANNA GROENEWALD — Appellant

teen

DIE STAAT — Respondent

CORAM: VAN HEERDEN, SMALBERGER *et* NIENABER ARR

VERHOORDATUM: 23 MEI 1994

LEWERINGSDATUM: 30 MEI 1994

U I T S P R A A K

NIENABER AR:

Die uitspraak van Smalberger AR het ek ter insae gehad. Ongelukkig verskil ek van hom. Na my mening is die vonnis van drie jaar gevangenisstraf wat die appellant opgelê is volkome vanpas en behoort haar appèl gevolglik van die hand gewys te word.

Die appellant, 'n 40-jarige geskeide vrou, het skuldig gepleit maar nie getuig nie. Mens weet dus nie wat haar presies besiel het om oor 'n tydperk van meer as vyf jaar en by meer as 1500 verskillende geleenthede bedrieglike inskrywings in die rekeningboeke van die Handelshuis te maak en die voordeel daarvan vir haarself in te palm nie. Sy was 'n rekenaaroperatrise by die Handelshuis. Haar modus operandi was tweërlei van aard. Die een metode was om goed uit voorraad vir haarself te vat maar teen die rekeningstate van 'n verskeidenheid van klante van die Handelshuis te debiteer, in die vertroue dat hulle daarvoor sou betaal sonder om agter te kom wat eintlik aan die gang is. Die totaal was ongeveer R32 000,00. Dat die bedraggies telkens klein was, tel nie in haar guns nie: dit was immers deel van die slinkse plan. Was die bedrae groter, sou haar slagoffers stellig onraad bemerk het en sou die appellant se gekonkel vroeg reeds op die lappe gekom het. Die ander metode was om goed aan te koop en die joernaal so te dokter dat dit lyk of sy daarvoor betaal het. Op dié manier het sy haarself oor dieselfde tydperk van vyf

jaar met minstens R6 968,85 bevoordeel.

Volgens die verhoorhof het haar optrede getoon dat die appellant "inherent oneerlik" was. Die skaal waarop sy die bedrog gepleeg het (R39 000,00), die lang tydperk waaroor dit gestrek het en die bedrewendheid waarmee dit alles geskied het, was van so 'n aard dat daar nie gesê kan word dat die verhoorhof in sy beoordeling van die appellant se karakter-eienskappe fouteer het nie. Dat sy 'n skelm drinker was en meer geld nodig gehad het om drank mee te koop as wat sy op 'n eerlike manier kon verdien, kan geredelik aanvaar word. Dit verduidelik dalk haar optrede; dit doen nie af aan haar oneerlikheid nie, net so min as wat 'n dobbelaar agter sy dobbelsug kan skuil wanneer hy dobbelgeld steel. Daar was geen getuienis voor die hof dat die appellant as gevolg van haar verslaafdheid óf impulsief óf kompulsief opgetree het nie. Oor 'n periode van vyf jaar sou sy, as sy inherent eerlik was, meer as genoeg kans gehad het om te besin en tot inkeer te kom en hulp te soek sonder om haar na skelmstreke te wend om haar drang na drank te bevredig. Nie elke alkoholis

is 'n dief of 'n bedrieër nie. Per slot van rekening is daar altyd die een of ander rede vir 'n misdaad waarby oneerlikheid betrokke is - sy dit dranksug, dwelmsug, hebsug, of enige van die legio redes waarom mense kul om geld of goed in die hande te kry. Vanselfsprekend is die aansporing tot iemand se gedrag altyd 'n faktor, dalk die belangrikste oorweging, wanneer dit by vonnisoplegging kom. Maar les bes bly dit 'n kwessie van graad en oordeel. Na my oordeel regverdig die omvang, die tydsduur, die skelmagtigheid en die doelgerigtheid waarmee die appellant opgetree het niks minder as direkte tronkstraf nie en ek kan geen fout vind met die tydperk wat die verhoorhof daarvoor opgelê het nie. Dit is wel so dat sy 'n eerste oortreder is en bereid was om haar werkgewer, met behulp van haar familie, te vergoed. Daarsonder sou die vonnis wat die verhoorhof opgelê het, stellig swaarder gewees het.

Die appèl word afgewys.

P M Nienaber AR

Van Heerden AR stem saam.

Bib. .

85B/94

SAAKNOMMER : 305/93
N v H

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

CHRISTINA JOHANNA GROENEWALD Appellant

teen

DIE STAAT Respondent

SMALBERGER, AR:-

Saaknommer: 305/93
N v H

IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA

(APPèLAFDELING)

In die saak tussen:

| | |
|---|---|
| CHRISTINA JOHANNA GROENEWALD | Appellant |
| en | |
| DIE STAAT | Respondent |

| | |
|---|---|
| CORAM: | VAN HEERDEN, SMALBERGER, *et* NIENABER, ARR |
| VERHOORDATUM: | 23 MEI 1994 |
| LEWERINGSDATUM: | 30 MEI 1994 |

---

U I T S P R A A K

SMALBERGER, AR :-

Die appellant, wat skuldig gepleit het, is in die streekhof te Calvinia aan 1532 aanklagte van bedrog skuldig bevind. Die aanklagte is saamgeneem vir die doeleindes van vonnis en sy is drie jaar gevangenisstraf opgelê. Haar appèl teen vonnis is deur die Kaapse

Provinsiale Afdeling van die hand gewys. Sy kom nou in hoër beroep met verlof van hierdie Hof.

Die betrokke misdade is oor die tydperk Desember 1986 tot Januarie 1992 gepleeg terwyl die appellant by die Williston Handelskoöperasie Bpk ("die Handelshuis") as 'n rekeningklerk werksaam was. Die aanklagte het betrekking op aankope wat sy vir haarself gemaak het by die Handelshuis en oorgeplaas het na die rekeninge van verskillende klante van die Handelshuis, asook die vervalsing van haar eie rekening met die Handelshuis. Die totale bedrag betrokke was in die omgewing van R39 000-00. Dit blyk uit die besonderhede tot die klagstaat dat van die aanklagte betrekking het op bedrae van minder as R2-00 en dat die gemiddelde bedrag per aanklag beloop ongeveer R25-00.

Na die appellant skuldig bevind is, het haar regsverteenwoordiger onder andere die volgende feite (wat blykbaar deur die Staat aanvaar is - ten minste

stilswyend) aan die verhoorlanddros deurgegee:

"Beskuldigde is 40 jaar oud, geskei en het 2 kinders 15 en 14 jaar onderskeidelik. Sy is tans werkloos.

Sy is in 1981 die eerste maal geskei en daardie eggenoot is die vader van haar 2 kinders. Die egskeiding was baie traumaties vir haar.

In September 1982 het sy weer getrou. Hierdie huwelik was stormagtig en problematies vir haar. Onder andere is sy fisies aangerand, sielkundig afgetakel, haar menswaardigheid is aangetas. Nogtans het sy bly vasklou aan die 2de man. Beskuldigde het egter begin drink en alkohol gebruik.

In 1983 is die 2de huwelik beëindig maar teen daardie tyd was die drink patroon gevestig. Sy het skelm gedrink.

Beskuldigde gaan bly by haar ma in Williston. In 1984 begin sy werk by die Koöperasie en haar drankgebruik het sy gang geloop.

Die probleem met die stelery begin nou. Sy betaal - sorg - vir haar drank maar het nie geld vir kos nie. Beskuldigde steel toe. So beland sy in 'n bose kringloop. Haar gewete word so gesus en dan steel sy weer.

In 1987, Desember, probeer sy selfmoord pleeg deur vergassing. Haar vriende vind haar en sy word gehospitaliseer.

> Sy word na 'n sielkundige verwys maar sy verswyg haar drankprobleem. Later het die drank haar werk affekteer."

Die appellant is 'n eerste oortreder. Sy het blykbaar berou oor wat sy gedoen het en het haar volle samewerking aan die Polisie gebied. Mnr Reitz, die bestuurder van die Handelshuis, het getuig dat die Handelshuis sy kliënte vir hulle verliese vergoed het. Volgens hom het die appellant reëlings getref om die skade wat die Handelshuis gely het, terug te betaal. Sy het 'n lewenspolis van R30 000-00 aan die Handelshuis sedeer en gereël om met die hulp van haar familie afbetalings van R200-00 per maand te maak. Ofskoon die Handelshuis nie bereid was om haar weer in diens te neem nie, was die direksie se houding dat sy nie tronk toe moes gaan nie.

Daar is ook, met goedkeuring van die Staat, drie mediese verslae ingehandig wat betrekking het op

die appellant se alkohol-probleem soos dit destyds voorgekom het. Die eerste verslag was dié van 'n psigiater, dr Munnik, wat op 13 Februarie 1992 deur die appellant geraadpleeg is. Soos uit sy verslag blyk, het die appellant aanvanklik haar drankprobleem verswyg. Dit het egter aan die lig gekom nadat sekere lewerfunksietoetse gedoen is. Dr Munnik was van mening dat die appellant "has a considerable alcohol problem which has resulted in severe liver damage". Die appellant is mettertyd na Stikland Hospitaal vir verdere behandeling verwys. In die verslag wat namens die mediese superintendent opgestel is, word daar onder andere gemeld:

> "[N]a konfrontasie rondom abnormale bloeduitslae wat dui op erge alkohol-inname (abnormale lewerfunksies), bevestig sy 'n patologiese alkohol-gebruikspatroon. Sy beskryf ook 'n beeld van alkoholonttrekking wat bevestigend is van alkohol-afhanklikheid."

'n Diagnose van alkohol-afhanklikheid is gemaak. Die appellant is toe oorgeplaas na die Ramot Sentrum vir Alkoholiste vir alkohol-rehabilitasie. Sy is vir vier weke daar behandel. Luidens die verslag van die Direkteur was die appellant se samewerking, motivering en vordering goed. Vanaf haar ontslag uit Ramot tot die datum van haar verhoor het die appellant blykbaar nie weer alkohol misbruik nie.

Ondanks hierdie verslae en die onbetwiste feitlike mededelings wat gemaak is, kom die verhoorlanddros tot die gevolgtrekking, met verwysing na die appellant:

> "Doodnormale persoon wat so 'n bietjie te diep in die bottel gekyk het, dalk oor 'n tydperk, maar werklik nie veel skade opgedoen het nie en wat binne-in 'n kort tydperk gerehabiliteer is by Ramot ....."

Na my mening het die verhoorlanddros die appellant se alkohol-afhanklikheid, en die gevolge daarvan, gans te lig aangeslaan. Dit het klaarblyklik aan die wortel

van haar probleme, en gepaardgaande bedrieglike optrede, gelê. Dit het die verhoorlanddros óf nie behoorlik besef nie, óf verkeerdelik nie aanvaar nie. Sy bevinding dat die appellant "inherent oneerlik" is, verleen ook nie voldoende erkenning aan die alkohol-probleem onderliggend aan haar optrede nie. Die verhoorlanddros se verkeerde beskouing en begrip in bogenoemde opsigte kom op 'n wesenlike mistasting neer. Dit staan hierdie Hof gevolglik vry om opnuut oor vonnis te besin.

Dat die misdrywe, globaal gesien, ernstig was, en dat daar verskeie verswarende faktore aanwesig is, is nie te betwyfel nie. Die appellant se optrede was beplan en berekend. Sy het oor 'n lang tydperk daarmee volhard. Die vertrouensposisie waarin sy was, het sy misbruik tot die nadeel en verlies van ander. Tereg het die verhoorlanddros daarop gewys dat sy die vertroue wat in haar gestel is "herhaaldelik, byna daagliks"

geskend het. Hierdie is gewigte oorwegings by die bepaling van 'n gepaste vonnis.

Indien al die tersaaklike feite en omstandighede met betrekking tot vonnis in die onderhawige geval behoorlik en ewewigtig in ag geneem is, sou die vereistes van straftoemeting myns insiens bevredig word as die appellant 'n vonnis opgelê is wat buite gevangenis-verband uitgedien kan word (vgl S v Van Vuuren 1992(1) SASV 127(A)). Die appellant is wel strafwaardig maar hoef nie uit die gemeenskap verwyder te word nie (vgl S v R 1993(1) SASV 209(A) op 221h). Die aangewese vonnis in haar geval blyk te wees korrektiewe toesig ingevolge artikel 276(1)(h) van die Strafproseswet 51 van 1977 mits die appellant daarvoor geskik bevind word. Hierdie vonnisopsie kan wesenlike bestraffing sonder gevangesetting bewerkstellig (S v Ndaba 1993(1) SASV 637(A) op 641g). Toe die appellant aanvanklik gevonnis is, was korrektiewe toesig nie 'n

beskikbare vonnisopsie nie. Die is egter tans dienstig sowel as regtens veroorloof (S v R (supra) op 218g-219d). Artikel 276(1)(h) is vanaf 1 Junie 1993 in die distrik Williston van toepassing gemaak deur Proklamasie R48 soos gepubliseer in Staatskoerant Nr 14849 van daardie datum.

Ek sou die appèl handhaaf, die vonnis tersyde stel en die saak na die verhoorhof terugverwys vir die oplegging van 'n vonnis van korrektiewe toesig ingevolge die bepalings van artikel 276(1)(h) van die Strafproseswet 51 van 1977 of, indien die appellant om gegronde redes nie geskik is om aan korrektiewe toesig onderworpe te wees nie, 'n gepaste vonnis buiten direkte gevangesetting.

**J W SMALBERGER**
**APPèLREGTER**